# UNIVERSITEIT KAAPSTAD EN DIE CALVINISTIESE STAATSTEORIE.

## 'N AANKONDIGING EN WOORD VAN WAARDERING.

View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk

brought to you by CORE

provided by Koers (E-Journal)

die leiding van prof. dr. A. H. Murray, om o.a. 'n reeks Calvinistiese geskrifte uit die 16de en 17de eeue oor die Staatsteorie aan die Suid-Afrikaanse publiek voor te stel, in die vorm van saaklike en duidelike kommentare, met toepassing op die deurwerking daarvan in die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Die hele reeks sal verskyn onder die opskrif: „Prolegomenon to South African Political Theory". Reeds is in hierdie reeks gepubliseer:
A. H. Murray: „A liberal Philosophy for a racially plural State".
en W. van Ryswyk: „The Philosophy of Nicolas of Cusa—an early political pluralist".

En so pas het ons kennisgemaak met:

A. H. Murray: „The Franco-Gallia of François Holoman (1573)", en
W. van Ryswyk: „Grotius' Verantwoordingh (1622)", nl. in Bulletin no. 3 van die genoemde departement, verkrygbaar aldaar teen 3/6d. stuk, seker plus 6d. vir posgeld.

Later word in vooruitsig gestel 'n dergelike behandeling o.a. van geskrifte van J. Du Plessis-Mornay, Theodorus Beza en Johannes Calvyn.

Afgesien van moontlike kritiek wat van ons kant uitgespreek sou kan word, bv. ten opsigte van wat ons sou beskou as 'n verwarring tussen liberalisme (met demokratisme), pluralisme, federalisme en die Calvinistiese beginsel van soewereiniteit in eie kring, kan in drie belangrike opsigte van ons kant slegs waardering uitgespreek word vir hierdie onderneming van Kaapstad, naamlik:

a. Vir die idee om terug te gaan tot die Kontinentaal-Wes-Europese wortels van ons politieke geskiedenis.
b. Vir die beklemtoning van die Calvinistiese element hierin; en
c. vir die billike en duidelike voorstelling van die betrokke leerstellinge.

L. J. DU PLESSIS.